Fluitjieblaser wen teen Tshwane-raad

JOHAN EYBERS IN JOHANNESBURG
jeybers@rapport.co.za

'n Besturende ingenieur wat die fluitjie teen regstellende aksie geblaas het, het Vrydag sy hofstryd van vier jaar teen Tshwane se metroraad in die appèlhof gewen.

Dié raad het mnr. Jaco Weyers dissiplinêr aangekla omdat hy die aanstelling van ongekwalifiseerde kragstelseloperateurs openbaar gemaak het.

Die dispuut het ontstaan nadat die stadsraad slegs swart kandidate, wat tussen 2% en 32% vir 'n keuringstoets behaal het, aangestel het. Wit kandidate, wat dieselfde toets geslaag het, is die werk ontsê.

Weyers het die stadsbestuurder, die departement van arbeid en die Ingenieursraad van Suid-Afrika in kennis gestel dat die veiligheid van werknemers en die publiek in gevaar gestel word deur die aanstelling van ongekwalifiseerde werknemers in kritieke poste.

Hy is eers daarvan aangekla dat hy teen transformasie gekant is, maar later omdat hy die fluitjie geblaas het.

Regter M.J.D. Wallis het Vrydag in sy uitspraak gesê die metroraad het nie in belang van inwoners en dienslewering opgetree nie. Hy het 'n kostebevel teen die raad gegee.

Mnr. Dirk Hermann, uitvoerende adjunkhoof van die vakbond Solidariteit, het gesê die raad het veiligheid gekompromitteer ter wille van regstellende aksie.